

Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek



Vertroulik



basic education

Department:
Basic Education

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENINGKUNDE V2

MEI/JUNIE 2024

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye,
'n formuleblad en 'n 12 bladsy-antwoordeboek.**

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---------------|--------------------------|------------|------------|
| 1 | Rekonsiliasies | 30 | 25 |
| 2 | BTW en Voorraadwaardasie | 40 | 30 |
| 3 | Kosterekeningkunde | 40 | 30 |
| 4 | Begrotings | 40 | 35 |
| TOTAAL | | 150 | 120 |

VRAAG 1: REKONSILIASIES**(30 punte; 25 minute)****1.1 BANKVERSOENING**

Die inligting het betrekking op Scot Handelaars, met eienaar Scot Salaza. Die besigheid ontvang die amptelike Bankstaat op die 25^{ste} van elke maand.

GEVRA:

1.1.1 Bereken die korrekte Bankrekeningsaldo op 31 Mei 2024. (8)

1.1.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2024 op. (6)

1.1.3 Scot se bankbestuurder het hom oortuig om aanlyn bankdienste vir sy besigheid te gebruik, veral omdat betalings makliker deur middel van elektroniese fondsoordrag (EFO/'EFT') gemaak kan word. Scot beplan om Kiki in diens te neem om vir alle aspekte oor aanlyn bankdienste verantwoordelik te wees.

Verduidelik TWEE belangrike opdragte wat Scot aan Kiki behoort te gee om te verseker dat korrupsie nie met betrekking tot die prosessering van EFO's sal plaasvind nie. (4)

INLIGTING:

A. Die boekhouer het op 31 Mei 2024 die voorlopige banksaldo as 'n positiewe R9 050 bereken. Hy het die Bankrekening-beginsaldo en die totale van die Kontantontvangstejoernaal (KOJ) en die Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) gebruik, voordat die Mei 2024-Bankstaat ontvang is.

B. Syfers uit die Versoeningstaat op 30 April 2024:

| | | |
|--|---------------|--------|
| Ongunstige saldo soos per Bankstaat | | R1 550 |
| Uitstaande deposito's: | 16 April 2024 | 4 000 |
| | 26 April 2024 | 15 000 |
| Uitstaande EFO's: | Nr. 632 | 7 800 |
| | Nr. 633 | 5 480 |
| Gunstige Bankrekening-saldo volgens Algemene Grootboek | | 4 170 |

LET WEL:

- Die deposito op 16 April 2024 vir R4 000 en EFO 632 vir R7 800 het op die Mei-Bankstaat verskyn.
- Die deposito op 26 April 2024 het as R10 000 op die Bankstaat verskyn. Die kassier op hierdie tydstip is weens diefstal ontslaan, en hierdie bedrag moet afgeskryf word.
- EFO 633 het op die Mei-Bankstaat verskyn met die korrekte bedrag van R4 580.

- C.** 'n Vergelyking van die Mei 2024-Bankstaat met die Kontantjoernale het die volgende aan die lig gebring:
- (i) Bankkoste, slegs op die Bankstaat, beloop R310.
 - (ii) 'n Debietorder vir advertensies, R1 780, is nie in die KBJ geboekstaaf nie en is op die Bankstaat gedupliseer. Die bank sal die fout volgende maand korrigeer.
 - (iii) Die Bankstaat toon 'n direkte deposito in die besigheid se bankrekening vir R25 000. Dis 'n fout deur die betaler. Die bank sal hierdie inskrywing volgende maand terugskryf.
 - (iv) Rente op vaste deposito, R1 060, verskyn op die staat maar nie in die joernale nie.
 - (v) 'n Deposito van R17 500 verskyn in die KOJ, gedateer 27 Mei 2024.
 - (vi) EFO 819 vir R11 880 is op 28 Mei 2024 in die KBJ geboekstaaf.
- D.** Die Mei 2024-Bankstaat het 'n saldo van R? getoon.

1.2 DEBITEUREVERSOENING

Sidney Winkels is 'n algemene handelaar wat kruideniersware vir kontant en op krediet verkoop.

GEVRA:

Bereken die korrekte saldo vir ELKE debiteur op die lys wat verskaf is. Negatiewe saldo's moet tussen hakies getoon word of met 'n '-'-teken aangedui word.

(12)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die debiteurelys (voor foute en weglatings):

| | | |
|-----------|-----|---------|
| A. Judy | DL1 | R27 750 |
| B. Benior | DL2 | (400) |
| C. Oliver | DL3 | 19 300 |
| D. Fiery | DL4 | 2 900 |

B. Foute en weglatings

- (i) 'n Kwitansie, R9 000, ontvang van Judy is foutiewelik na Benior se Debiteuregrootboekrekening oorgeboek.
- (ii) Goedere wat deur Fiery teruggestuur is, R7 100, is korrek in die DAJ getoon. Dit is egter as R710 na sy rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.
- (iii) 'n Faktuur vir R3 000 aan Oliver is korrek in die DJ geboekstaaf. Dit is egter foutiewelik as 'n kwitansie na sy rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.
- (iv) Tydens 'n verkoopspromosie by Sidney Winkels het Oliver goedere op krediet vir R2 400 gekoop nadat hy 'n 25%-handelskorting gekry het. Die boekhouer het egter die bruto bedrag foutiewelik in die DJ geboekstaaf en dit as sodanig na die Debiteuregrootboek oorgeboek.

VRAAG 2: BTW EN VOORRAADWAARDASIE**(40 punte; 30 minute)****2.1 BTW**

Die inligting het betrekking op Mphati Handelaars met vennote John, Jacob en Jeramiah. Die besigheid is vir BTW geregistreer. Hulle koop en verkoop standaard en nulkoersprodukte vir kontant en op krediet. Die standaard BTW-koers is 15%.

GEVRA:

- 2.1.1 Bereken die BTW-bedrag op die goedere wat deur die besigheid verkoop is. (4)
- 2.1.2 Bereken die bedrag betaalbaar aan of ontvangbaar van SAID op 30 April 2024. (7)

INLIGTING:

A. **Saldo:** Bedrag verskuldig deur SAID op 1 April 2024: R5 340.

B. **Transaksies wat BTW-berekeninge vir April 2024 beïnvloed:**

| | BTW UITGESLUIT R | BTW- BEDRAG R | BTW INGESLUIT R |
|---|---------------------------------|------------------------------|--------------------------------|
| Aankope van voorraad: | 730 000 | | |
| • Standaardkoers-produkte | 548 000 | 82 200 | 630 200 |
| • Nulkoers-produkte* sien aantekening hieronder | 182 000 | | |
| | | | |
| Totale verkope* sien aantekening hieronder | 839 800 | | |
| Debiteurerekeninge afgeskryf | | | 31 510 |
| Korting ontvang van krediteure | | 4 800 | |

***LET WEL:** Alle nulkoers-produkte wat aangekoop is, is gedurende 'n verkoopspromosie vir 10% onder kosprys verkoop. Hierdie bedrag is by die totale verkope se bedrag ingesluit. Daar was gedurende April 2024 geen ander nulkoers-produkte verkoop nie.

VOORRAADWAARDASIE

Die inligting het betrekking op Cell Scene Bpk. Nadine is die hoof- uitvoerende beampte (HUB). Die finansiële jaar het op 29 Februarie 2024 geëindig.

- Cell Scene Bpk. koop en verkoop twee selfoonmodelle. **CLEO** is duurder, terwyl **BRUMA** 'n basiese en goedkoper selfoon is.
- Alle voorraad word volgens die spesifieke identifikasie-waardasiemetode waardeur.
- Alle goedere word kontant of op kredietkaart verkoop.
- Geen eenhede is gedurende die jaar vermis nie as gevolg van doeltreffende interne beheermaatreëls.

GEVRA:

- 2.2 Buiten die twee selfoonmodelle wat tans verkoop word, ondersoek die direkteure die moontlikheid om 'n 3^{de} model, die **LITCHI**, uit die VSA in te voer. Die eerste besending wat bestel sal word, bestaan uit 300 LITCHI-fone. **Sien Inligting A.** Bereken die verwagte kosprys van een LITCHI-foon in rand per eenheid. (5)
- 2.3 Bereken die totale waarde van die **CLEO**- en **BRUMA**-fone se eindvoorraad op 29 Februarie 2024, deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik. (6)
- 2.4 Bereken die gemiddelde voorraadomsetsnelheid vir die **CLEO**-fone vir 2024. (6)
- 2.5 Die direkteure het besluit om die winsopslag-% op die **CLEO**- en **BRUMA**-fone vir die 2024-finansiële jaar aan te pas. Verduidelik die uitwerking van hierdie besluite op die bruto wins en die kontantvloei van die maatskappy, sowel as die voorraadomsetsnelheid van elke model oor die afgelope twee jaar. Haal syfers en tendense aan. (8)
- 2.6 Indien die direkteure sou voortgaan met die **LITCHI**-fone en baie meer daarvan in die toekoms bestel en teen 'n winsopslag van 40% op kosprys verkoop, wat sou die uitwerking hiervan op die **CLEO**- en **BRUMA**-fone se verkope wees? Verduidelik en haal syfers aan om jou mening te ondersteun. (4)

INLIGTING:**A. VOORGESTELDE INVOER VAN DIE LITCHI-FONE**

| | |
|---|-----------------|
| Eenheidsprys in VSA-dollar | \$280 |
| Aantal LITCHI-fone in eerste bestelling | 300 eenhede |
| Wisselkoers | \$1,00 = R17,50 |
| Doeaneregte/-belastings betaalbaar by aflewering | 12% |
| Totale verskepinge-koste uit die VSA na Suid-Afrika | R303 600 |

B. UITTREKSEL UIT DIE VOORRAAD- & VERKOOPREKORDS

| | CLEO | | BRUMA | |
|--------------------------------------|-------------|-------------|------------|------------|
| | 2024 | 2023 | 2024 | 2023 |
| Eenhede voorhande aan begin van jaar | 270 | 400 | 200 | 300 |
| Eenhede aangekoop | 2 265 | 1 345 | 2 450 | 2 440 |
| Eenhede verkoop gedurende die jaar | 2 180 | 1 475 | 1 730 | 2 540 |
| Eenhede voorhande aan einde van jaar | ? | 270 | 920 | 200 |
| Eindvoorraad-waarde teen jaareinde | ? | R2 160 000 | ? | R400 000 |
| | | | | |
| Kosprys per eenheid | R8 000 | R8 000 | R2 500 | R2 000 |
| Verkoopprijs per eenheid | R11 200 | R12 000 | R4 250 | R3 000 |
| % winsopslag | 40% | 50% | 70% | 50% |
| | | | | |
| Totale verkope | R24 416 000 | R17 700 000 | R7 352 500 | R7 620 000 |
| Bruto wins | R6 976 000 | R5 900 000 | R3 027 500 | R2 540 000 |
| | | | | |
| Voorraadomsetsnelheid | ? | 4,4 keer | 3,1 keer | 10,2 keer |

VRAAG 3: KOSTEREKENINGKUNDE**(40 punte; 30 minute)**

- 3.1 Kies 'n koste-kategorie uit KOLOM B wat by die voorbeelde in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---------------------------------------|---------------------------|
| 3.1.1 Afleweringsuitgawes | A fabrieksbokoste |
| 3.1.2 Kantoorskryfbehoeftes | B verkope en verspreiding |
| 3.1.3 Salaris van die fabrieksvoorman | C direkte materiaal |
| | D administrasie |

(3)

NARDO VERVAARDIGERS

Die besigheid vervaardig uniforms vir konstruksiewerkers. Die finansiële jaar het op 29 Februarie 2024 geëindig.

GEVRA:

- 3.2 Bereken die korrekte fabrieksbokoste deur die foute en weglatings in berekening te bring. (7)
- 3.3 Voltooi die Produksiekostestaat vir die finansiële jaar. (10)

INLIGTING:**A. Fabrieksbokoste:**

Die boekhouer het die fabrieksbokoste as R258 200 bereken.

Die volgende foute en weglatings is geïdentifiseer en moet in berekening gebring word:

- (i) Water- en elektrisiteitsuitgawe is uit die fabrieksbokoste weggelaat. 75% van hierdie uitgawe moet aan die fabriek toegeken word en die oorblywende 25% aan administrasie. R9 600 is korrek aan administrasie toegeken.
- (ii) Die totale huuruitgawe, R142 800, is in die Fabrieksbokoste-rekening geboekstaaf. Dit moes soos volg volgens vloerspasie toegeken word:

| Fabriek | Verkoopsafdeling | Administrasie |
|--------------------|--------------------|-------------------|
| 220 m ² | 120 m ² | 80 m ² |

- (iii) Versekeringuitgawe, R48 000, is foutiewelik aan fabrieksbokoste in die verhouding 4 : 2 : 1 toegeken. Die korrekte verhouding is egter 5 : 2 : 1.

B. Grondstofvoorraad:

Grondstofvoorraad (materiaal/kleedstof) wat na die fabriek oorgedra word, word volgens die EIEU-metode waardeur. Voorraadrekords toon die volgende:

| | Hoeveelheid (meter) | Koste per meter | Totale koste |
|--|------------------------|--------------------|-----------------|
| Voorraad op 1 Maart 2023 | 8 000 m | R10,50 | R84 000 |
| Materiaal-/Kleedstofaankope | 62 000 m | | R739 600 |
| Junie 2023 | 42 000 m | R11,80 | R495 600 |
| Oktober 2023 | 20 000 m | R12,20 | R244 000 |
| Totale materiaal/kleedstof beskikbaar | 70 000 m | | R823 600 |
| Uitgereik aan fabriek | 59 500 m | ? | ? |

C. Goedere-in-bewerking-voorraad:

| | 29 Feb. 2024 | 28 Feb. 2023 |
|--------------|--------------|--------------|
| Saldo | ? | R30 700 |

D. Produksie:

20 200 uniforms is gedurende die finansiële jaar teen 'n koste van R79,00 per uniform vervaardig.

Hierdie vraag word op die volgende bladsy vervolg.

KYLA SE STAPTOERUSTINGWINKEL

Die besigheid, met Kyla Coetzee as eienaar, maak sakke en baadjies vir stappers.

LET WEL: Waar kommentaar of verduidelikings gevra word, moet jy:

- Berekeninge, syfers en/of tendense aanhaal
- 'n Rede of 'n verduideliking vir in elke geval gee

GEVRA:**STAPPERSAKKE**

- 3.4 Lewer kommentaar op die beheer oor direkte materiaalkoste van stappersakke. Haal syfers aan. Gee TWEE redes wat tot die verandering in die eenheidskoste kon bygedra het. (4)
- 3.5 Verduidelik of die besluit om die verkoops- en verspreidingskoste van stappersakke te verhoog, tot voordeel van die besigheid was of nie. Haal syfers aan. (3)
- 3.6 Kyla beplan om die produksie van stappersakke met 'n addisionele 2 500 eenhede gedurende die volgende finansiële jaar te verhoog. As aanvaar word dat daar geen verandering in die huidige kostestruktuur gaan wees nie, bereken die addisionele netto wins wat sy kan verwag om in 2025 te verdien. (5)

STAPPERBAADJIES

- 3.7 Lewer kommentaar op die vaste koste per eenheid van stapperbaadjies en verduidelik die hooforsaak vir die verandering in hierdie eenheidskoste. (4)
- 3.8 Identifiseer die produksiekoste van stapperbaadjies wat 'n ernstige bron van kommer vir Kyla behoort te wees. Verskaf TWEE geldige oplossings vir hierdie probleem. (4)

INLIGTING:

| | STAPPERSAKKE | | STAPPERBAADJIES | |
|--|----------------|----------------|-----------------|----------------|
| | 2024 | 2023 | 2024 | 2023 |
| Veranderlike koste per eenheid | R615,00 | R442,00 | R336,00 | R285,00 |
| Direkte materiaalkoste per eenheid | R320,00 | R230,00 | R116,00 | R115,00 |
| Direkte arbeidskoste per eenheid | R135,00 | R132,00 | R175,00 | R110,00 |
| Verkoops- & verspreidingskoste per eenheid | R160,00 | R80,00 | R45,00 | R60,00 |
| Vaste koste per eenheid | R170,00 | R175,00 | R196,50 | R130,00 |
| Totale vaste koste | R714 000 | R700 000 | R786 000 | R780 000 |
| Fabrieksbokoste | R510 000 | R500 000 | R532 000 | R530 000 |
| Administratiewe koste | R204 000 | R200 000 | R254 000 | R250 000 |
| Verkoopprys per eenheid | R780,00 | R750,00 | R600,00 | R600,00 |
| Eenhede vervaardig en verkoop | 4 200 eenhede | 4 000 eenhede | 4 000 eenhede | 6 000 eenhede |
| Gelykbreek- getal eenhede | 4 328 eenhede | 2 273 eenhede | 2 978 eenhede | 2 477 eenhede |
| Netto wins/verlies | (R21 120) | R531 916 | R269 808 | R1 109 745 |

- Die inflasiekoers is tans 6%.
- Lone en salarisse het in 2024 met 4% verhoog.

VRAAG 4: BEGROTINGS**(40 punte; 35 minute)**

Zephyr Handelaars het op 1 Januarie 2024 oopgemaak en verkoop draagbare kragstelsels ('portable power systems'/PPS) wat die publiek kan gebruik om met kragonderbrekings te help. Dan Grey is die eienaar.

Agtergrondinligting:

- Verkoopspersoneel word slegs 'n kommissie betaal. Kantoorpersoneel verdien maandelikse salarisse.
- Tydens die opstel van die begroting was Dan nie bewus van 'n mededinger wat gedurende April 2024 naby aan Zephyr Handelaars oopgemaak het nie. Hy moes dus belangrike besluite neem om hierdie probleem gedurende Mei 2024 te hanteer.

GEVRA:

- 4.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedsule vir Junie 2024. (8)
- 4.2 Bereken die bedrae aangedui deur **(i)** tot **(iii)** in die Kontantbegroting-uittreksel. (10)
- 4.3 Bereken die % verhoging in kantoorwerkers se salarisse vanaf 1 Junie 2024. (4)

Verwys na Inligting E.

'n Nuwe mededinger het gedurende April 2024 in die area ingetrek. Dan het in April geen stappe geneem nie, want hy het nie van die mededinger geweet nie.

- 4.4 Verduidelik hoe die mededinger die besigheid se verkope en kontantvloei in April 2024 beïnvloed het. Verskaf TWEE verskillende punte, met syfers. (4)
- 4.5 Verduidelik of Dan tevrede kan wees met die aantal eenhede wat in Mei 2024 verkoop is as gevolg van sy besluit om die verkoopprijs van die produk aan te pas. Verskaf TWEE punte, met syfers. (4)
- 4.6 Dan is daarvan bewus dat nie al die verkoopspersoneel met die besluite wat hy oor hulle vergoeding geneem het, tevrede sal wees nie. Verkoopspersoon John was tevrede, maar nie Sally nie. Gee EEN rede wat John se opinie ondersteun en EEN rede wat Sally se opinie ondersteun. Haal syfers aan. (4)

Verwys na Inligting C.

- 4.7 Bereken die totale bedrag van die lening, rente ingesluit. (2)
- 4.8 Die eienaar is onseker of hy die eiendom moet koop of huur. Verduidelik EEN punt ten gunste daarvan om die eiendom te koop en EEN punt teen hierdie voorstel. (4)

INLIGTING:**A. Kontant- en kredietverkope:**

- Kontantverkope beloop 55% van totale verkope. Winsopslag is 60% op kosprys. Verwys na die kredietverkope-syfer in die ANTWOORDEBOEK.
- Debiteure-betalings volg die tendens hieronder:
 - 25% in die maand van verkope en hulle ontvang 5%-korting
 - 45% in die maand wat volg op die maand van verkope
 - 24% twee maande na die maand van verkope
 - 6% sal afgeskryf word in die derde maand ná die maand van verkope

B. Voorraadaankope en betaling aan krediteure:

- Voorraad verkoop, word in die maand van verkope vervang.
- 70% van aankope is op krediet.
- Krediteure word in die maand wat volg op die maand van aankope, betaal.

C. Sake-eiendom/Huuruitgawes:

Dan het navraag gedoen oor die maontlike uitneem van 'n 10 jaar-verbandlening om die eiendom te koop. Die volgende terme sal van toepassing wees, nadat berekeninge met 'n bankkonsultant bespreek is:

- 'n Deposito van 20% op die leningsbedrag moet op 1 Junie 2024 betaal word.
- 'n Vaste maandelikse paalement van R13 800 (rente ingesluit) sal dan op die laaste dag van elke maand, vanaf 30 Junie 2024, vir die tydperk van die lening betaalbaar wees.

D. Uittreksel uit die Kontantbegroting:

| | MEI 2024 | JUNIE 2024 |
|---|-----------|------------|
| ONTVANGSTE | R | R |
| Kontantverkope | 1 064 800 | (i) |
| Kontant van debiteure | 734 382 | |
| BETALINGS | | |
| Betalings aan krediteure | 770 000 | (ii) |
| Salarisse: Kantoorpersoneel | 62 000 | 64 480 |
| Salaris: Bestuurder | 40 500 | 40 500 |
| Deposito op aankoop van eiendom | | 220 000 |
| Paalement op lening (rente ingesluit) | | 13 800 |
| Huur van afleweringsvoertuig | (iii) | 34 810 |
| *LET WEL: Die huur van die afleweringsvoertuig sal vanaf 1 Junie 2024 met 18% p.j. toeneem. | | |

E. Begrote en werklike syfers vir April en Mei 2024:

| | APRIL 2024 | | MEI 2024 | |
|---|------------|------------|------------|------------|
| | BEGROOT | WERKLIK | BEGROOT | WERKLIK |
| Getal verkoops persone | 12 | 12 | 12 | 8 |
| Eenhede om te verkoop/ reeds verkoop | 200 | 148 | 220 | 245 |
| Kosprys per eenheid | R5 500 | R5 500 | R5 500 | R5 500 |
| Winsopslag-% | 60% | 60% | 60% | 35% |
| Verkoopprys per eenheid | R8 800 | R8 800 | R8 800 | R7 425 |
| Totale verkope | R1 760 000 | R1 302 400 | R1 936 000 | R1 819 125 |
| Kontantverkope | 968 000 | 390 720 | 1 064 800 | 509 355 |
| Kredietverkope | 792 000 | 911 680 | 871 200 | 1 309 770 |
| Debiteure-invorderings | 660 924 | 495 690 | 734 380 | 734 380 |
| Salaris: Bestuurder | 32 400 | 32 400 | 40 500 | 34 020 |
| Kommissie op verkope | 264 000 | 195 360 | 290 400 | 363 825 |
| Advertensies | 52 800 | 40 000 | 58 080 | 54 575 |

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

| | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates : Totale laste | Bedryfsbates : Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste | Niebedryfslaste : Aandeelhoudersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder) | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdiens te per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprijs per eenheid} - \text{Veranderlike koste per eenheid}}$ | |
| <p>LET WEL:</p> <ol style="list-style-type: none"> Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word. Krediet aankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly). Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die gewoogde gemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik. | |